LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

07-11-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 38 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **BESTELLINGS 2016:**

Alle bestellings word by die klasonderwysers inbetaal:

- Revue DVD teen R200 voor of op 11 November 2016.
- Jaarblad teen R160 voor of op 18 November 2016.

2 **VOLKIE NUUSBULLETIN:**

- Indien daar enige ouer is wat in die **Volkie koerantjie** wil adverteer, kontak asb vir Heléne Botha by die skool.
- Alle buitemuurse prestasies vir die 4de kwartaal kan ge-e-pos word na helenebotha@laervolkskool.co.za voor of op 25 November 2016.

3 **GRAAD RR - PRYSUITDELING EN GRAAD R - GRADEPLEGTIGHEID 2016:**

- Graad RR se Prysuitdeling en Graad R se Gradeplegtigheid - Donderdag, 10 November 2016 om 18:00 in die skoolsaal.
- Al hierdie maatjies is betrokke en moet reeds 17:30 by die personeelkamer wees.
- Fotos teen die muur gaan tydens bogenoemde funksies beskikbaar wees vir foto's in Klas 23. Bestellings sal by die skool afgelewer word.

4 **SKOOLGELDE**:

- Skoolgelde vir 2017 is op die webblad beskikbaar.
- Ouers, die jaar is vinnig besig om ten einde te spoed. Neem kennis dat alle agterstallige skoolgelde vir hierdie jaar oorhandig word na 7 November 2016.
- As ouers enige probleme met hulle skool- of naskoolrekeninge het, moet hulle dit asb voor einde November met Chrisna kom bespreek.

5 **SKOOL VERDAAG TYE:**

Die skool verdaag vanaf Maandag, 14 November tot 7 Desember 2016 op die volgende tye as gevolg van die eksamen.

* Graad 1, 2 en 3 verdaag om 12:45.
* Graad 4 - 7 verdaag om 13:00.

Leerders moet asb hul vervoerreëlings daarvolgens tref.

6 **SKRYFBEHOEFTE PAKKETTE:**

Skryfbehoeftes vir 2017 se bestelvorms moet asb vergesel word met die bewys van betaling en per faks of e-pos gestuur word aan 086 653 6461 of mandy@everythingoffice.co.za. Daar is ouers wat bewys van betalings aangestuur het maar geen bestel vorms nie. Let wel dat die bestelvorms en betalings **per kind** gedoen moet word en dat die Verwysing moet **LVS/ Leerling se voorletter en Van / Graad waarnatoe hy gaan** asb. Navrae kan gedoen word direk By Mandy Liebenberg 0826105099. Sluitingsdatum vir bestellings is 19 November 2017. SMS sal uitgestuur word sodra pakkies gereed is.

7 **REDENAARS 2017:**

Die temas vir die redenaars vir volgende jaar is soos volg:

Graad 1 tot Graad 3	Graad 4 tot Graad 5	Graad 6 tot Graad 7
Gogga	Klei	Spieël
Reënboog	Note	Krap
Blink	Blou	Klik

Die redenaars sal vroeg in die eerste kwartaal 2017 wees. Vir meer inligting kan julle Juf Lizelle (Juniors) of Juf Madeleine (Intersen) kontak.

8 **KOELDRANKE BY DIE SNOEPIE**

Daar is nog kaste koeldrank beskikbaar by die skool se snoepie. Kom koop vir jul eindjaarfunksies of vakansie! Kontak vir Cindy 0835503177.

500 ml	Coke, Coke Zero of Sprite @ R200
330 ml	Coke @ R125 per kas
Lipton Lemom Slimcan	R152 per kas
Lipton Berrie - 330 ml	R187 per kas
Energade	R185 per kas

9 **DATUMS VIR 2017:**

Skool begin vir personeel	9 Januarie
Skool begin vir leerders	11 Januarie
Leiers Inhuldigingsfunksie	11 Januarie om 18:00 in die skoolsaal
Personeelfunksie	13 Januarie om 18:00 in die skoolsaal
Ouerdag	14 Januarie om 09:30 op die rugbyveld
Huissport	16 Januarie - tuis
Atletiek:	
Fonteine	20 Januarie 2017 - weg
Christiaan Beyers	26 Januarie 2017 - tuis
Van Riebeeckpark	31 Januarie 2017 - tuis
Vryheidsmonument	2 Februarie 2017 - weg
Leierskamp	*3-5 Februarie - Mondoro*
Heidelberg Kampioenskappe	13-18 Februarie 2017
D7	21 Februarie 2017

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF